Neulfontein

Mnr. Koos Bester, vader van die huidige eienaar van Neulfontein, Mnr FC Bester, het destyds toestemming verleen dat ‘n wandelpad daar aangebring kon word. Hy’t ‘n groot liefde gehad vir inheemse plante en volgens vertellings het hy ‘n paar aanplantings self gedoen.

Mnr. Dolfie Linder, ‘n landmeter van Piketberg het die wandelpad van ± 1.5km uitgelê, waarna die eienaar, Mnr. Koos Bester en sy werkers die wandelpad gebou het soos wat dit vandag nog is. Die eienaar het toestemming verleen dat die kanon, wat destyds per ongeluk deur Mnr Linder se seun, Dr Fredi Linder, ons plaaslike tandarts, tydens een van sy wandels op die koppie aangetref is daar monteer kon word.

Met die hulp van Me Marlene van Zyl, eertydse kurator van die Koringbedryf-museum op Moorreesburg, het die Rapportryers die kanon op die koppie gemonteer. Die seinkanon was veronderstel om aan te kondig wanneer handelsvloot die Kaapse Hawe aangedoen het, sodat boere hulle vars produkte hawe toe kon neem. Die kanon was egter nooit vir hierdie doeleindes gebruik nie.

Die plantegroei is tipies Renosterveld. Daar groei ‘n verskeidenheid bosse bv, Renosterbos, Taaibos, Kapokbos en Kraalbos. Dit is dan ook as gevolg van die Renosterbos wat gedurende die somermaande donker van kleur is dat die Swartland sy naam verkry het. ‘n Verskeidenheid Maartlelies kom in die herfs voor en vanaf Juliemaand begin ‘n reuse verskeidenheid blomme hul kleur wys tot in Oktober. Tipiese Renosterveld blomme soos Rooi Afrikaners, Wit Katsterte, Bobbejaantjies, Vlappertjies, Aandblomme en Daisies kom hier te voorskyn.

Heelwat diere is ook al op die koppie aangetref. Om ‘n paar te noem Ystervarke, Duikers, Steenbok, Slange en muise. Selfs ‘n Witkruisarend het al hier nes gemaak! Op ‘n helder dag het jy ‘n mooi uitsig oor Tafelberg en die hele Swartland area.

Neulfonteinkoppie is dus ‘n stukkie erfenis en ons is baie dank verskuldig aan die eienaars wat bereid is om dit aan die publiek oop te stel.

Hierdie projek is weer aangepak met die finansiële hulp van World Wildlife Fund (WWF) en Table Mountain Fund (TMF) wat bestuur word die Kaapse Biosfeer.
Dit word geïmplimenteer deur Moorreesburg / Koringberg Toerisme.